

160/91

Saak No 273/91.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen

MKUSELE NDEPAAPPELLANT

en

DIE STAATRESPONDENT

CORAM : HEFER ,VAN DEN HEEVER ARR et PREISS Wrn AR. .

AANGEHOOR : 21 NOVEMBER 1991.

GELEWER : 26 NOVEMBER 1991.

UITSpraak

HEFER AR/

HEFER AR:

Die persoon na wie in hierdie uitspraak as die appellant verwys sal word, is op 20 Julie 1988 in die Oos-kaapse Afdeling skuldig bevind op twee aanklagte van moord (aanklagte 1 en 2), 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal (aanklag 3) en 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede (aanklag 4). Op aanklagte 1 en 2 is hy ter dood veroordeel nadat die verhoorhof bevind het dat daar geen versagtende omstandighede was nie. Sedertdien is die Strafwysigingswet 107 van 1990 gepromulgeer en is sy vonnisse op hierdie twee aanklagte ooreenkomstig art 19(8) oorweeg. Ooreenkomstig art 19(12) is sy saak nou aan hierdie hof voorgelê vir heroorweging van die doodvonnisse.

Appellant se skuldigbevindings het voortgespruit uit die gebeure die aand van 6 Augustus 1986 op die plaas Vrede in die distrik Middelburg, Kaap, waar die 70-jarige mnr L R Serfontein en sy 66-jarige vrou alleen gewoon het.

Die plaashuis is ongeveer 5 km vanaf die dorp en ongeveer 500 meter vanaf die Richmond pad. Daardie aand was appellant en drie metgeselle te voet op pad na die plaas van ene mnr Moolman waar appellant dagga sou gaan haal het, toe mnr en mev Serfontein in hulle motor by hulle verby gery het. Lg was op pad dorptoe waar hulle die aand by familie deurgebring het. Met hulle terugkoms vanaf Moolman se plaas moes appellant en sy geselle weer by Vrede verbygaan. Appellant het opgemerk dat mnr Serfontein se voertuig nog nie terug was nie. Hy het voorgestel dat hulle by die plaashuis gaan inbreek. Daar aangekom, het een van die ander (na wie voortaan as besk 4 verwys sal word) 'n venster gebreek. Appellant het deur die venster geklim, die agter deur oopgesluit en sy maats binne gelaat. Terwyl hulle besig was om die huis te plunder het die Serfonteins opgedaag. Appellant en besk 4 het in 'n kamer (blykbaar 'n spens) gaan skuil en hulle maats elders in die huis. Mnr Serfontein moes onraad gemerk het want,

toe appellant weer sien, was hy in die gang met 'n haelge-
weer in sy hande en sy vrou kort agter hom. Besk 4 het
mnr Serfontein van agter gegryp. Hy het egter losgeruk,
die geweer op appellant gerig en gedreig om hom te skiet
indien hy sou nader kom. Daarop het besk 4 hom van ag-
ter met 'n mes gesteek wat appellant die geleentheid ge-
gee het om hom ook te bestorm. 'n Worsteling het ontstaan
waartydens mnr Serfontein erg beseer en ontwapen is. Daar-
op het besk 4 hom half bewusteloos geslaan met die geweer.
Appellant het die een punt van 'n tou - wat as versiering
in die huis gedien het - om mnr Serfontein se bene gebind
en die ander punt aan die knop van 'n deur. Intussen is
besk 4 met die skreeuende mev Serfontein die gang af. Ap-
pellant het die bondel klere wat hy reeds in die slaap-
kamer bymekaar gemaak het, gaan haal en toe opgemerk dat
mnr Serfontein losgekom het. Daarop het hy twee van mnr
Serfontein se eie dasse aanmekaar gebind en dit styf om
lg se nek gedraai en geknoop.

Op pad die huis uit nadat hy mnr Serfontein met die dasse om sy nek in die gang gelaat het, het appellant mev Serfontein op 'n stoel in die studeerkamer opgemerk. Daar het bloed langs haar een been afgeloop. (Dit het later geblyk dat sy op daardie stadium reeds verkrag moes gewees het.) Ongeag haar toestand het sy nog die moed gehad om op haar aanvallers te skree. Appellant het hom aanvanklik nie aan haar gesteur nie maar toe hy by die deur kom en op die punt was om die huis te verlaat, het hy omgedraai en haar op presies dieselfde wyse as haar man met twee ander dasse om die nek stilge-
maak.

Appellant en sy maats het die plaas verlaat in mnr Serfontein se motor met die goed wat hulle uit die huis gesteel het. Later die aand het hulle die buit ver-
deel en op 'n plesiertog deur die strate van Middelburg ge-
gaan. Uiteindelik het hulle die voertuig buite die dorp gelaat waar dit onklaar geraak het. Na die voorval het

appellant Middelburg verlaat maar ongeveer twee weke later is hy gearresteer toe hy by die klubhuis op die gholfbaan naby die dorp ingebreek het.

Dit dien nouliks vermeld te word dat mnr en mev Serfontein weens versmoring deur die dasse om hulle nekke gesterf het. Die verhaal van hulle dood soos hierbo beskryf is grotendeels die een wat appellant self by sy verhoor vertel het. Volledigheidshalwe kan bygevoeg word dat sy metgeselle die aand van 6 Augustus sy mede-beskuldigdes by die verhoor was. Hulle is vrygespreek van die moorde omdat, volgens die verhoorregter, dit nie 'n redelike twyfel bewys is dat hulle "subjektief voorsien het dat in die uitvoering van 'n gemeenskaplike opset (die appellant) die oorledenes sou dood nie". Al die beskuldigdes was ook aangekla van verkragting op mev Serfontein. Op hierdie aanklag is hulle vrygespreek omdat nie vasgestel kon word presies wie van hulle die misdaad gepleeg het nie.

Ingevolge art 19(12)(a)(i)(ii) van die Strafreghwysigingswet moet die saak oorweeg word asof dit 'n appèl teen die vonnis is en art 277 van die Hoofwet, soos vervang by art 4 van die Wysigingswet, in werking was ten tyde van die vonnisoplegging deur die verhoorhof. Soos bekend het die wysiging van art 277 van die Hoofwet (die Strafproseswet 51 van 1977) tot gevolg gehad dat 'n appèl teen die doodvonnis anders as voorheen beoordeel word. Dit is die taak van hierdie hof om, na oorweging van alle strafverswarende en - versagtende faktore, self te besluit of die doodvonnis in die besondere geval die enigste gepaste vonnis is.

Appellant se advokaat het aangevoer dat die appellant se betreklike jeugdigheid, die feit dat hy nie ernstige vorige veroordelings het nie, die feit dat die appellant en sy maats nie met voorbedagte moordplanne na die plaas is nie en die moontlikheid dat hy ten tyde van die moorde onder die invloed van drank en dagga was as

strafversagende faktore in aanmerking geneem moet word.

Toe die misdade gepleeg is, was appellant reeds 25 jaar oud. Wat egter van groter belang is, is dat hy ouer as sy medebeskuldigdes was en, soos die verhoorhof tereg bevind het, 'n leidende rol gespeel het. Dit is hy wat voorgestel het dat by die huis ingebreek word; dit is hy wat die huis eerste binne is en die deur vir die ander oopgesluit het; en dit is hy wat uiteindelik die oordedene gedood het. Sy betreklike jeugdigheid het geen verband gehad met die misdade nie. Dat hy nie ernstige vorige veroordelings het nie, is waar. Wat nogtans insiggewend is, is dat die huidige oortredings gepleeg is binne twee maande nadat hy uit die gevangenis ontslaan is waar hy 'n vonnis van vier jaar gevangenisstraf uitgedien het weens die onwettige handel in dagga. Hierdie vonnis het hom nie afgeskrik nie want die aand van 6 Augustus 1991 was hy weer, volgens eie erkenning, op pad om dagga te gaan haal. Ek is egter bereid om in sy guns aan te neem dat

dit nie bewys is dat hy onrehabiliteerbaar of inherent
n geweldenaar is nie.

Dat hy en sy medebeskuuldigdes die betrokke aand
aanvanklik nie moordplanne gekoester het nie en na die huis
is omdat appellant n gulde geleentheid gesien het om daar in
te breek en te steel terwyl die inwoners weg was, is ook waar.
As strafversagende faktor kan dit egter nie veel gewig dra
nie. Volgens appellant se eie getuienis het hy die ligte
van mnr Serfontein se naderende motor gesien. Klaarblyk-
lik kon hy en sy maats gevlug het en selfs die goedere wat
hulle reeds bymekaar gemaak het, verwyder het. Maar hulle
het dit nie gedoen nie. Insteede daarvan het hulle in die
huis bly skuil en by die eerste beskikbare geleentheid op
die eienaars toegesak. Word dit verder in ag geneem dat
die polisie tydens hulle ondersoek van die huis gevind het
dat die telefoondraad afgesny was, is die enigste redelike
afleiding dat daar op een of ander stadium besluit is om
die eienaars in te wag en gewelddadig te oorrumpel. Daar

moes dus minstens hierdie mate van vooraf beplanning ge-
wees het.

Die verhoorhof het die moontlikheid dat appel-
lant onder die invloed van drank of dagga was oorweeg en
verwerp. Ek vind dit nie nodig om die redes vir die
verwerping van appellant se getuienis dat hy en die an-
der beskuldigdes die aand in die huis op Vrede 'n bottel
brandewyn uitgedrink het, te behandel nie. Dit is vol-
doende om te sê dat die kritiek van appellant se advokaat
teen die verhoorhof se redes geen steek hou nie. Appel-
lant het verder getuig dat hy en die ander beskuldigdes
vroeër die dag gedrink en dagga gerook het. Die verhoor-
hof het bevind dat dit geen effek op hulle kon gehad het
toe hulle ure later by die huis ingebreek het nie. Ook
hierdie bevinding kan nie bevraagteken word nie.

Verswarende faktore is daar baie. Die eerste
is dat appellant twee bejaarde mense in hulle eie huis
vermoor het. Tweedens is daar die manier waarop die

moorde gepleeg is. Earder as om op besonderhede van die beserings wat aan die lyke gevind is in te gaan, volstaan ek met die opmerking dat beide mnr en mev Serfontein erg moes gely het voordat hulle finaal om die lewe gebring is. Dat daar eers 'n hewige worsteling was, is duidelik; daarvan getuig die feit dat daar bloedspatsels oa teen die mure op verskeie plekke in die huis gevind is. Derdens was dit totaal onnodig om óf mnr óf mev Serfontein om die lewe te bring aangesien hulle vir praktiese doeleindes reeds buite aksie gestel is. In hierdie verband spreek appellant se eie getuienis - dat hy reeds by die deur was op pad na buite toe hy omgedraai het en terug is na die studeerkamer waar hy mev Serfontein om die lewe gebring het - duidelik van sy gesindheid. Vierdens is daar die feit dat die moorde met direkte opset gepleeg is en vyfdeus dat dit vir eie gewin in die loop van 'n rooftog plaasgevind het. Boonop het die appellant op geen stadium enige teken van berou oor sy optrede getoon nie. Inteen-

deel, soos vantevore beskryf, het hy later die aand gedeel in die buit en het hy en sy kornuite uit pure windmakerigheid met die geroofde voertuig rondgery totdat dit onklaar geraak het.

Ek het vantevore opgemerk dat ek bereid is om te aanvaar dat dit nie bewys is dat die appellant 'n inherente geweldenaar is wat nie gerehabiliteer kan word nie. As strafversagende faktor word dit totaál oorskadu deur die verswarende faktore waarna so pas verwys is. Boonop kom die gemeenskapsbelang in 'n saak soos die onderhawige sterk na vore. Dit is alombekend dat aanvalle op die (heel dikwels bejaarde) inwoners van die afgeleë plase en selfs van woonhuise in die stede aan die orde van die dag is. Daarom is dit eerder die afskrikkings- en vergeldings elemente van strafoplegging wat beklemtoning verdien. In hierdie lig beskou is die doodstraf myns insiens die enigste gepaste vonnis vir die moorde wat die appellant gepleeg het.

Die appèl word afgewys en die doodvonniss
bekragtig.

J J F HEFER AR.

VAN DEN HEEVER AR)
PREISS Wrn AR) STEM SAAM.